**5 Februarie** **Skrifgedeelte: Matteus 5:13-16**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:13-16**

## Julle is die lig vir die wêreld

Stel jou 'n stad voor wat een nag meteens donker word. Geen lig is êrens te sien nie – nie eers die kopligte van motors nie. Wat gaan gebeur? Wel, alles gaan tot stilstand kom. Motoriste sal moet stop. In die geboue sal mense voel-voel van een vertrek na die ander skuifel. Niemand sal by sy werklike bestemming kan uitkom nie. Elkeen is dan beperk tot sy onmiddellike omgewing. Erger nog: As dit weke lank donker sou bly, sou niemand meer aan 'n groter doelwit of bestemming dink nie!

So was dit ook toe die wêreld, voor die koms van Christus, geestelik donker was. Nasies het afgode aanbid en dit het die duisternis net groter gemaak. Die mensdom was geestelik gesproke beweginglоos en sonder bestemming. Hulle het net geleef vir die hier en die nou. Die ewigheid was net 'n gedagte, 'n droom. Met die koms van Jesus het egter 'n nuwe tyd aangebreek. Hy, die lig van die wêreld, het die duisternis van sonde en verlorenheid verdryf, sodat binne die breë weg die smal weg uitgeken en bewandel kon word.

Om dit vir die wêreld nog makliker te maak, het Christus sy volgelinge self in ligte verander. Waarom? Sodat hulle soos 'n lamp op 'n lampstander kan wees wat lig gee vir almal in hul omgewing. Hulle roeping is om deur goeie werke 'n lig voor mense te laat skyn om die krag van die kruis ten toon stel tot verheerliking van ons Vader wat in die hemel is. So helder moet ons ligte skyn dat verlorenes ook die smal weg kan sien en vind.

*Ds. Fanus Heystek (Emeritus)*